

Ons lewe gemeet aan die volmaakte liefde van Christus

Teks: 1 Korintheërs 13 : 1 - 13

Tekvers: 1 Korintheërs 13: 3

1. Inleiding

Geliefdes ons staan vanaand stil by sondag 2 van die kategismus. In sondag 2 is die noot 'n bietjie somber. Dit is ook dikwels die kritiek wat teen gereformeerde mens uitgespreek word. Mense sê dat ons somber en hartseer is meeste van die tyd. En dat mense eerder 'n vrolike opgewekte geloof ervaring soek. Tog is dit uiteindelik die oorsprong van hierdie hartseer wat die wêreld veroordeel. Dit feit dat die mens inherent sleg en boos is. Dat die mens deurtrek is van die sonde.

Tog wanneer ons na die Kategismus kyk, dan is daar troos. Want soos ons al verskeie kere gesê het, is die kategismus die troosboek. Maar hoe kom troos en hierdie hartseer somber prentjie dan by mekaar. Is daar iewers 'n sleutel wat hierdie hartseer aan die hoop verbind. Want dit kan tog nie net hartseer wees vir die saak van hartseer wees nie. Waar is die hoop dan?

Die sleutel lê in die liefde en daarom gaan ons vandag seker die bekendste teks oor die liefde neem as ons teksvers. Hierdie skrifgedeelte is ver al gewild by troues. Maar ons gaan vanaand sien dat hierdie gedeelte eintelik oor soveel meer as bloot die romantiese liefde tussen man en vrou

gaan. Nee, hierdie liefde het baie meer in verband met die woorde om Matteus 22:37 -40 wat ook natuurlik die antwoord is op vraag 4 daar staan:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38Dit is die grootste en die eerste gebod. 39En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat."

2. Wat ons dink volmaakte liefde is

Ons kan begin deur die wêreld om ons se oortuiging oor liefde te ondersoek. Een van die eerste eienskappe van liefde wat vir ons bekend is, is die grens. Waar stop my liefde, met ander woorde wie moet ek liefhê. Hierdie is natuurlik ook een van die redes hoekom hierdie teks so graag gebruik word in terme van die romantiese liefde tussen man en vrou soos aangetref in die huwelik. Want dit is natuurlik waar onbatsige liefde vir die wêreld stop.

En natuurlik het 'n mens jou man of vrou op 'n ander manier lief as ander mense in die wêreld. Daar lê ook 'n verwysing alhoewel bietjie geforseer na hierdie liefde in ons teksvers. Daar word in ons teksvers verwys na jou liggaam oorgee. En in die christelike huwelik gee ons wel ons liggame oor aan mekaar. Tog moet ons onmiddelik

erken dat selfs die liefde in ons huwelike nie volmaak is nie. Daarvoor is dit egskedings statistiek gans te hoog.

Dit is waar die probleem inkom ons as mense kan nie eers in hierdie verhouding van wedersydse opoffering volhard nie. Want die selfsugtigheid wat gebore word uit die boosheid in die mens neem net te maklik oor. Daarom klink die konsep in ons teksvers van al wat ek het aan ander uitdeel net so vergesog in die huwelik vandag as by die ryk jong man in Matteus 19. Wat dan nog van ander mense buite die huwelik.

As ons so na die saak kyk dan kan ons as mens dit nie eers regkry om volmaakte liefde in die mees intiemste verhouding wat ons hier op aarde sal ervaar uit te leef nie. Natuurlik is dit juis daarom dat die mense hierdie opoffering vinnig wil vervang met die ander sake in ons teks. Dinge soos ongewone tale, gawes, profesie en geloof. Maar uiteindelik is hierdie sake leeg en hol sonder liefde. Soos 'n stuk klinkende metaal.

3. Jesus se volmaakte liefde

Maar om net in hierdie sombere saak van die verlore, liefdelose mens vas te kyk, is om die evangelie mis te kyk. Want die Here weet dat die mens vir Hom en mekaar nie volmaak kan liefhê nie. Soos wat die mens alreeds in Genesis 3 bewys het. Maar daarom kom Jesus Christus, die Here na die aarde. Jesus kom word mens omdat Hy ook ons sondige mense liefhet.

Daarom tref ons nie ons teksgedeelte aan in die middel van 'n gedeelte oor huweliksbegeleiding deur Paulus nie. Hierdie gedeelte volg nie direk op 1 kor 6 waar ons bepalings oor kuisheid kry nie. Hierdie hele eerste brief, insluitend 1 kor 6 gaan eintlik oor die uitleef van ons christelike geloof. Maar in besonder ook ons uitleef van die Christelike geloof as die kerk van Jesus Christus hier op aarde. Hoofstuk 12 tot 14 het ook dan in besonder te doen met die geloofsgawes waarmee die kerk en die Here gedien moet word.

Ons weet dat die kerk nie hier sou gewees as dit nie vir Christus was nie. Ons sondige natuur sou ons nooit na die kerk gelei het nie. Maar Christus kom verwyder hierdie sondige natuur van ons. Dit vra die hoogste prys en offer van hom. Hy moet Sy liggaam oorgee om gemartel en doodgemaak te word, sodat die prys vir ons sondes betaal kan word. En omdat Christus ons volmaak liefhet gee Hy ook sy liggaam oor.

Dit is in verwysing hierna dat ons teksvers praat van gee my liggaam prys. Die ou vertaling brei korrek daarop uit met oorgee om verbrand te word. Die hoogste prys om vir jou geloof en naaste te betaal. Tog wanneer ons na die oorspronlike teks kyk word die presiese selfde woord vir liggaam oorgee hier in ons teksvers nooit in konneksie met Christus gebruik nie. Want ons teksvers stel dit dat iemand sy liggaam oorgee om homself daarop te beroem. Dit gaan dus oor selfverheffing, selfliefde en nie naaste liefde nie. Daarom is dit iets

waaraan Jesus Christus nooit skuldig was nie. Want dit baat jou niks. Maar die kruisiging van Jesus Christus baat ons alles.

4. Liefde tot ons naaste.

Tog soos ons reeds gesê het gaan hierdie gedeelte eintlik oor die manier waarop, ons ook die genade gawes wat ons van die Here af ontvang het aanwend. Dit maak nie saak of dit engele tale, profesieë, geheimenisse, kennis of wat ook al is nie. Die belangrike ding wat Paulus openbaar is dat hierdie gawes in liefde tot ons naaste aangewend moet word. En wanneer ons so nadink ook die manier wat ons dit doen dan besef ons die boosheid binne ons.

Want natuurlik gaan hierdie teksgedeelte eerstens oor die kerk, die gemeenskap van gelowiges. Die manier waarop ons dinge hier binne die gemeenskap van gelowiges doen. Soek ek werklik die voordeel van my medelidmaat in dit wat ek doen? Dit is natuurlik hier waar die samevatting van die wet deur die Christus duidelik weerklink. Want natuurlik gaan die kerk eerstens oor die eerste en groot gebod om God lief te hê met alles. En natuurlik moet dit die hoogste prioriteit geniet in alles wat ons doen. Maar ons kan terselfdertyd nie die tweede groot gebod sommer nalaat nie. Ons moet die liefde wat God aan ons bewys het ook aan ons naaste bewys.

Tog stop die Here se opdrag in verband met die liefde nie by ons mede gelowige nie. Nee dit is wat die Christelike geloof juis anders maak as

ander gelowe. Ons het nie daardie militante benadering tot buitestaanders nie. Die Here beveel ons in Mat 5:44: “Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg. Die volmaakte Christelike liefde strek verder as huweliksgrense, verder as familiëgrense, verder as vriendegrense, verder as gemeentegrense. Die volmaakte Christelike liefde het geen grens nie.

5. Slot

Ons kan afsluit deur terug te verwys na die somber noot waarop ons begin het. En na die veroordeling hieroor. Daar is net een manier waarop 'n mens kan inkoop in die wêreldse idee dat die mens eintlik goed en reg is. Dit is wanneer jy alles hier om jou as reg en volmaak beskou. As jy die wêreld sonder probleem of slegtheid sien. As 'n mens reken dat kennis en vooruitgang van die mens die wêreld 'n beter plek maak. As 'n mens glo dat die mens uiteindelik vir homself hemel sal bewerk hier op aarde met sy vooruitgang.

Ongelukkig hoef 'n mens net so 'n vinnig blik oor die media te gee om te besef dat die wêreld nie reg en goed is nie. Dat boosheid gedurig drieg om oor te neem. Dat haat dikwels vrye teuls neem onder mense en verskriklike gevolge het. Dat die moderne mens met al sy vooruitgang vandag steeds nie volmaak kan liefhê nie. Dat die liefde wat ons aan mekaar bewys gewoonlik niemand baat nie.

Maar dit is dat juis hier waar die hoop in ons kategismus kom. Ons as mense word nie hier in ons verlore self gelos nie. Ons word uitgered deur die Here Jesus Christus wat ons volmaak liefhet. Wat Sy liggaam gee tot voordeel vir almal wat glo. Wat ons opwek uit ons doodse bestaan en ons die vermoë gee om ware Christelike liefde aan God en ons naaste te bewys. Daarom gee die kategismus troos en hoop. Bonatuurlike troos en hoop. Dit verander die somber situasie van die mens in die beste situasie. 'n Situasie van: geloof, hoop en liefde En die grootste hiervan is die liefde!

Amen.